Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2010

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae, gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2010, wat soos volg is:

   VRAAG 1: SOSIALE DARWINISME EN PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASSISME

   VRAAG 2: DIE IMPAK VAN DIE TWEEDE WÊRELDOOORLOG OP AFRIKA

   VRAAG 3: APARTHEID

2. Elke vraag tel 75 punte en waarvan 45 punte uit bron gebaseerde vrae en 30 punte uit uitgebreide skryfwerk bestaan.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord.

4. In die beantwoording van vrae moet kandidate die toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

5. Kandidate wat slegs die bronne as antwoorde oorskryf, sal benadeel word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1 WATTER IMPAK HET WETENSKAPLIKE RASSISME OP DIE RASSEBELEIDSRIGTINGS IN AUSTRALIË GEHAD?

Bestudeer die bronne 1A,1B,1C en 1D en beantwoord die volgende vrae.

1.1 Lees deur Bron 1A.

1.1.1 Hierdie bron is gebaseer op die idees van die Pseudo-wetenskaplike rasseteorie. Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik wat bedoel word met hierdie teorie. (1x2) (2)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, was die uitwissing van die Inboorlinge nie as ŉ gewetensaak in Australië beskou nie? (1x2) (2)

1.1.3 Wat, volgens jou eie kennis, is die doel van die "natuurlike wet" waarna daar in die bron verwys word? (1x2) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Gebruik die bron en verduidelik hoe Mnr AO Neville Wetenskaplike-Rassisme gebruik het om sy beleid teenoor die Inboorlinge in Australië te regverdig. (3x1) (3)

1.2.2 Tot watter mate, volgens die bron, het AO Neville se beleid van die idees van Adolf Hitler verskil? (2x2) (4)

1.2.3 Die idee van AO Neville was ook gebaseer op die "Eugenetika"-beginsel. Gebruik jou eie kennis en verduidelik wat jy daaronder verstaan. (1x2) (2)

1.2.4 Gebruik die bron en verduidelik wat die doel van AO Neville met die toepassing van sy beleid teenoor die Inboorlinge was. (2x2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik wie die "Gesteelde generasie" in Australië was. (1x2) (2)

1.3.2 Wat, volgens die bron en jou eie kennis, was die beleid van "assimilasie"? (1x2) (2)

1.3.3 Wat skets die foto aan jou rakende die optrede van die Australiese polisie teenoor die Inboorling-kinders? (2x2) (4)

1.3.4 Hoe komplementeer (ondersteun) die visuele bron die geskrewe bron ten opsigte van die "Gesteelde geslag" in Australië? (2x2) (4)

1.4 Lees deur Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik wat jy onder die begrip ‘volksmoord” verstaan. (1x2) (2)

1.4.2 Waarom, volgens die bron, het Whitfield geglo dat die Australiese administrasie in die 1930’s ŉ volksmoord beplan het? (2x2) (4)

1.4.3 Verduidelik hoe betroubaar die bron is ten opsigte van die idée van ŉ beoogde volksmoord in Australië. (1x2) (2)

1.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik hoe die Australiese regering destyds die “Gesteelde-Generasie” probeer integreer het in die samelewing. (6)

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

Beantwoord **OF** VRAAG 1.6.1 **OF** 1.6.2.
(Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees)

1.6.1 Verduidelik die impak van die rasse beleid op die Inboorlinge van Australië. (30)

**OF**

1.6.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis, en skryf ŉ brief aan jou plaaslike koerant waarin jy die menseregte vergrype teenoor die Inboorlinge in Australië uitlig. (30)

**[75]**

**VRAAG 2 HOE HET DIE GROEI VAN AFRIKA-NASIONALISME 'n IMPAK OP DIE KOLONIALE BEHEER IN AFRIKA GEHAD?**

Bestudeer die bronne 2A, 2B en 2C en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik wat jy onder die begrip "nasionalisme" verstaan. (1x2) (2)

2.1.2 Watter dele van die samelewing word, volgens die bron, deur nasionalisme verenig? (2x1) (2)

2.1.3 Gebruik jou eie kennis en verduidelik wat Macmillan bedoel het met die aanhaling "die winde van verandering waai oor die kontinent". (2x2) (4)

2.1.4 Wat, volgens die bron, was grotendeels verantwoordelik vir die opkoms van nasionalisme in Afrika? (1x2) (2)

2.1.5 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom die "winde" in die spotprent as "Swart Nasionalisme" voorgestel word. (1x2) (2)

2.1.6 Gebruik jou eie kennis en verduidelik die historiese belangrikheid dat die twee huiseienaars in die spotprent as blankes voorgestel word. (1x2) (2)

2.1.7 Gebruik jou eie kennis en verduidelik wat die gevolge was toe die "winde" uiteindelik die "huise" naamlik Rhodesië en Suid-Afrika getref het. (2x2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Watter faktore, volgens die bron, het bygedra tot die opkoms van Afrika-nasionalisme? (2x1) (2)

2.2.2 Watter beginsels het, volgens Lembede, die basis van Afrika-nasionalisme gevorm? (2x1) (2)

2.2.3 Wat, volgens Lembede, is die uiteindelike doelwit van Afrika-nasionalisme? (1x2) (2)

2.2.4 Gebruik die bron asook jou eie kennis en verduidelik of jy saamstem met Lembede se standpunt dat "Afrika 'n swartman se land is". (2x2) (4)

2.3 Lees deur Bron 2C.

2.3.1 Gebruik jou eie kennis en verduidelik teen watter koloniale moondheid se oorheersing het die Mau-Mau in Kenia geveg. (1x2) (2)

2.3.2 Wat, volgens die bron, was die doelstellings van die Mau-Mau? (2x2) (4)

2.3.3 Hoe, volgens die bron, het die Mau-Mau hulle nasionalistiese idees versprei? (3x1) (3)

2.3.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik of jy dink die optrede van die Mau-Mau beweging regverdig was in hulle stryd teen die koloniale mag. (2x2) (4)

2.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik hoe die opkoms van Afrika-nasionalisme uiteindelik gelei het tot die dekolonisasie-proses in Afrika. (6)

2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

Beantwoord **OF** VRAAG 2.5.1 **OF** 2.5.2.
(Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees)

2.5.1 "Die uitwerking van nasionalisme het ŉ groot rol gespeel in die beëindiging van kolonialisme in Afrika, want dit was ŉ ontsaglike krag wat ŉ vasteland verenig het".

Bespreek hierdie stelling deur te verwys na die rol van nasionalisme in die bevryding van die Afrika-state. (30)

**OF**

2.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf ŉ verslag vir ŉ historiese joernaal om die opkoms en die uitwerking van Swart Nasionalisme op die bevryding van die Afrika-state te verduidelik. (30)

**[75]**

## VRAAG 3 IN WATTER OPSIG WAS 1960 'n KEERPUNT IN DIE STRYD TEEN APARTHEID?

Bestudeer bronne 3A. 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Lees deur Bron 3A.

3.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik wat die Paswette was. (1x2) (2)

3.1.2 Waarom, volgens die bron en jou eie kennis, dink jy het die swart protesteerders juis die polisie-kantore vir hulle beplande protesoptogte geteiken? (2x2) (4)

3.1.3 Volgens die bron was die "meeste mense in die rug geskiet". Watter houding van die polisie teenoor die swartes word hierdeur uitgebeeld? (2x2) (4)

3.1.4 Hoe komplementeer (ondersteun) die visuele bron die geskrewe bron oor die gebeure by Sharpeville? (2x2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Volgens die bron, verduidelik wat was die sogenaamde "plan" van die PAC ten opsigte van die Paswette? (1x2) (2)

3.2.2 Watter opofferinge, volgens die bron, was die PAC bereid om te maak vir die beëindiging van die Paswette? (2x2) (4)

3.2.3 Vergelyk bronne 3A en 3B en verduidelik die verskillende menings oor die protesoptogte. (2x2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Wat, volgens die bron, was Luthuli se siening van die Paswette? (2x1) (2)

3.3.2 Haal 'n bewys uit die bron aan om aan te toon dat die swart mense heftig teen die Paswette gekant was. (1x1) (1)

3.3.3 Watter aanbevelings, volgens die bron, het Luthuli gemaak om vrede in Suid-Afrika te bewerkstellig? (1x2) (2)

3.4 Lees deur Bron 3D.

3.4.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik wat jy verstaan met die verwysing na die "geweldadigheid van die regime" in Suid-Afrika. (2x2) (4)

3.4.2 Waarom, volgens die bron, was die leefwyse van die swart persoon uitgebeeld as " 'n lewe van geweld"? (1x2) (2)

3.4.3 Tot watter besluit, volgens die bron, het die ANC uiteindelik gekom? (1x2) (2)

3.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van SES reëls (60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die stryd teen die Paswette uiteindelik gelei het tot die gewapende stryd in Suid-Afrika. (6)

3.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

Beantwoord **OF** VRAAG 3.6.1 **OF** 3.6.2.
(Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees)

3.6.1 Verduidelik waarom die bevrydingsorganisasies gedwing was om die weerstand teen apartheid te intensiveer na die Sharpeville-slagting. (30)

**OF**

3.6.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir jou skooltydskrif oor die volgende aanhaling:

"Die Paswette was een van die mees gehate en onmenslike stelsels wat die Apartheidsregering op die swart mense van Suid-Afrika toegepas het". (30)

**[75]**

**TOTAAL: 150**